
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

Written Messages can be sent to us via **WhatsApp** on : **079 067 2984**

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

As mentioned in our previous Newsletter ,we are so excited to announce the launch of our brand new website!

You are now able to read and download all our books and previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering. We will be adding more dvd's and podcast sermons of Dr James van Zyl .
Please have a look at our website: **"www.stangerchristiancentre.com"**

IN STAAT TOT IETS GOEDS

Die God wat ons deur die nag gesien het is getrou, dit maak nie saak hoe ons in die oggend voel nie.

Wat het jou vanoggend wakker gemaak? Jy mag dink dat dit die wekker was, maar daar is werklik slegs een rede waarom jy vandag uit die bed kon opstaan - omdat die Here getrou is. Toe jy laasnag aan die slaap geraak het, het jy alle beheer verloor en na bewusloosheid gedryf. God was die een wat jou hart aan die klop gehou het en jou longe met lug gevul het, terwyl jy gerus het. Die hele nag deur het Hy oor jou gewaak en jou oë geopen sodat jy 'n nuwe dag kan geniet.

As ons eerlik wil wees sal meeste van ons moet erken dat ons nie dikwels dink aan God se toewyding aan ons nie, veral wanneer dit gaan oor algemene aktiwiteite van die lewe. Dink watter verskil dit aan ons vooruitsig sou maak wanneer ons, die eerste ding in die oggend, ons fokus op Hom sou plaas en Hom dank omdat Hy ons deur die nag gedra het. Die woorde van **Klaagliedere 3:22-23** sal 'n werklikheid in ons lewens word: **"Dit is die goedertierenhede van die Here dat ons nie omgekom het nie, want sy barmhartighede het geen einde nie; hulle is elke môre nuut; u trou is groot".**

Meeste van ons het egter geen probleem om dit te onthou, wanneer dit met ons goed gaan en ons bewus is van die Here se seëninge. Wat gebeur egter wanneer hulle nie so waarneembaar is nie? Waar is Hy wanneer ons deur diep, donker valleie loop en geen einde in sig is nie? Of wat van daardie kere wanneer ons verwyder van Hom voel en nie Sy teenwoordigheid kan voel nie – wanneer Hy nie ons gebede beantwoord nie, en dit voel asof Hy nie omgee nie? Miskien het ons in sonde verval en dink dat ons nie eers Sy seëninge verdien nie, want na alles, was ons nie getrou aan Hom nie.

Eerstens: Moet ons verstaan dat God se getrouheid nie gebaseer is op ons gedrag of reaksies teenoor Hom nie (2 Tim. 2:13). Met ander woorde, Hy is nie meer getrou wanneer ons goed of nie so goed is wanneer ons ongehoorsaam aan Hom is nie.

Tweedens: Ons omstandighede en emosies is 'n onbetroubare maatstok. Probleme en lyding beteken nie dat die Here ons vergeet of verlaat het nie; en om ver van Hom te voel is geen bewys dat Hy ver van ons af is nie. Hy bly getrou wanneer ons Hom lief het of nie, wanneer ons behoeftig is of oorvloed het, wanner ons bewus van Hom is of nie.

Die probleem is dat ons getrouheid anders verklaar as ons hemelse Vader. Ons wil hê dat God op ons voorwaardes moet deurkom. Ons wil graag dadelik verlos word uit ons probleme, genees word van alle siektes en bevry word van alle finansiële kommer. Die Here is egter gebonde om Sy Woord te handhaaf en nie ons onmiddellike behoeftes en wense te vervul nie.

God se getrouheid is nie gebaseer op ons gedrag of reaksie teenoor Hom nie.

Byvoorbeeld, as ons rebels was, weet ons dat ons liefdevolle Vader ons met wysheid en doelmatig sal dissiplineer (Heb. 12:6-7). Wanneer ons beproewinge ondervind, belowe Hy om hulle te gebruik om lydsaamheid te bewerk en 'n beproefde karakter in ons lewens te hê (Jak.1:2-4). As ons onder geestelike aanval kom **"sal God** (ons) **versterk en bewaar van die Bose" (2 Thess. 3:3).** In tye van versoeking belowe Hy "**dat Hy nie sal toelaat dat** (ons) **bo** (ons) **kragte versoek sal word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee" sodat ons dit kan verduur (1 Kor.10:13).** Wat ook al die omstandigheid of seisoen is waarin ons ons bevind, werk die Here in ons lewens volgens Sy wil.

God se getrouheid is gebaseer op Sy karakter. Dit is een van Sy eienskappe. Alhoewel ons nie altyd weet wat Hy doen nie of waarom Hy sekere omstandighede in ons lewens toelaat nie, kan ons altyd staatmaak op wie Hy is. Vier karaktertrekke van God wat ons verseker dat Hy beroubaar is:
1. Onveranderlikheid: Die Here se getrouheid is konstant omdat dit nooit verander nie. Hy behandel ons nie beter in een situasie as in die ander nie en Sy liefde vir ons wissel nooit nie. In teenstelling, is ons lewens vol van veranderinge, ons planne is aanhoudend onderwerp aan aanpassings en ons emosies laat ons voel asof ons op 'n malemeule is. Ons ondervind veranderde seisoene, baie soos in die natuur. Daar is seisoene van produktiwiteit, tevredenheid en goeie gesondheid – maar dit kan baie gou verander na seisoene van finansiële behoefte, wanhoop of liggaams verswakkende siekte. Deur al hierdie baie veranderinge in die lewe, het ons die anker van God se onveranderlike getrouheid nodig om ons te bemoedig.
2. Alwetendheid: Ons het ook die sekerheid in die feit dat die Here alles van die begin tot die einde weet. Hy verstaan al die besonderhede en fasette van wat ons deurgaan asook die eind resultate. Hy bewerk ook elke omstandigheid in ons lewe om Sy doel te bereik. Omdat Hy getrou is weet ons met sekerheid dat alles ten goede meewerk tot Sy heerlikheid en vir ons alles ten goede as ons Hom lief het en na Sy voorneme geroep is (Rom.8:28).
3. Almagtig: Omdat God almagtig is kan ons verseker weet dat Hy geskik is om in elke behoefte te voorsien en elke omstandigheid te beheer – ongeag die seisoen van die lewe waarin ons onsself bevind. Alhoewel Hy miskien nie die struikelblokke en swaar mag verwyder nie, belowe Hy om ons te versterk om met sekerheid daardeur te kom as ons Hom vertrou.
4. Alomteenwoordigheid: Die Here is altyd by ons, dus gaan ons nie alleen deur die lewe nie. Dit maak nie saak hoe lank of kort die reis mag wees nie, Hy is daar en sal ons nooit begewe of verlaat nie (Heb.13:5). Maak nie saak hoe ver ons mag hardloop, ons is nooit buite bereik van Sy liefde, genade en barmhartigheid nie.

Regdeur al die baie veranderinge van die lewe het ons die anker van God se getrouheid nodig om ons aan te moedig.

Wanneer ons na God draai te midde van ons moeilike seisoene, sal Sy vrede ons omring en Sy krag ons staande hou in ons swakheid. Wetende wanneer 'n seisoen noodsaaklik is vir ons geestelike ontwikkeling, sal Hy dit gebruik om ons te verander na mense wat die beeld van Sy Seun weerkaats. In die proses sal ons ontdek dat Hy alles is wat Hy beloof het om te wees.

'n Voorbeeld hiervan is wanneer ons in 'n hulpelose situasie van pyn of hulpeloosheid is. Wat as ons sou sê: "Here ek sal maar net moet rus in U algenoegsame, ewige arms en U vertrou om my hierdeur te dra."

Baie van julle het al vir 'n tyd lyding of swaarkry verduur. Dit is natuurlik om na goeie tye te wil aanbeweeg, maar wat as jy sê: “Vader hou my in hiedie seisoen totdat U U perfekte wil en doel in my lewe voltooi het?” Met hierdie daad van onderwerping, sal jy uiteindelik begin ontspan en vrede in jou hart ondervind in plaas van ontsteltenis. Alhoewel die omstandigheid miskien nie dadelik verander nie, sal jou houding en gevoel verander. Wanneer jy besluit om God te glo volgens Sy wil, is Hy getrou en as ons daarvolgens lewe – selfs wanneer die lewe uitdagend is – sal jou geloof groei. Jy kan gerus wees, wetende dat Hy altyd iets goeds doen.

Skatkis

As iemand hom dus hiervan deeglik reinig, sal hy 'n voorwerp tot eer wees, geheilig en bruikbaar vir die Here, toeberei vir elke goeie werk (2 Tim. 2:21).

Meeste van ons het krake en barste, is veslete en uitgeput. Miskien is ons heeltemal gebroke, maar Jesus, in Sy genade, het ons volkome herstel; daarom ten spyte van ons verlede en foute, laat die Heilige Gees Sy lig deur daardie krake skyn! So is Sy genade.

Dit maak nie saak wat was nie, Jesus kan en wil jou toekomstige hoop wees. Hy kan jou neem as 'n voorwerp tot Sy eer en vir Sy koninkryk, solank ons onsself onderwerp aan die Hand van die Pottebakker.

Dit is nooit te laat, terwyl ons die tyd gegee is, om dit in die hande van Jesus te plaas om dit te doen nie.

Baie groot dankie

Ons bly verstom en ewig dankbaar vir wat ons Hemelse Vader in ons midde doen. Hy is meer as genoeg en onderhou Sy werk soos ons onsself beskikbaar stel.

Dankie aan elkeen van julle vir julle donasies, dit is ‘n seën vir so baie. Mag julle op elke gebied oorvloedig geseën word.

Liefdegroete
Meg van Zyl en die span

Bankbesonderhede:
Stanger Christelike Sentrum
FNB
acc 53730091667
tik: huidige/tjek
tak: 220129

UIT ONS KANTOOR

Geliefde,

Ons kan die Verborgenheid van God se Koninkryk KEN

“En Hy sê vir hulle: Aan julle is dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk van God te ken ...” (Markus 4:11).

Jesus het gesê dat die geheimenis van God se koninkryk vir ons gegee is om te ken! Daardie woord ken beteken meer as om net te weet van iets Dit beteken eintlik die intieme ondervinding van die werklikheid van dit. Hierdie selfde geborgenheid van God se koninkryk word ook weer oor gepraat in Efs. 3:2 en Kol 1:26, waar dit beskryf word as 'n geborgenheid wat geheim gehou was, verborge in God, sedert die begin van die wêreld, en wat nou geopenbaar is! In Kol. 1:27, openbaar Paulus presies wat hierdie geheimenis is. Hy sê dit is: **“Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid”.** Die woord hoop in die natuurlike betekenis beteken nie veel nie. Dit beteken om na iets te smag, te wens vir iets. In geestelike terme is hoop egter baie meer! Dit is die belofte van 'n seker, gewaarborgde werklikheid! Die woord heerlikheid bevat ook belangrike waarde. Dit beteken letterlik die volle gewig van alles wat God – God maak. Die verborgenheid van God se koninkryk wat in Hom verskuil was van die begin van die wêreld af is nou geopenbar vir elke gelowige om te ervaar - dit is dat vandat Christus in ons leef – ons die seker waarborg het dat alles wat in God toegesluit was, nou in ons toegesluit is! Ons het toegang tot die volle maat van God se Teenwoordigheid en krag (Joh. 3:34, Joh. 1:16). Mediteer vandag op die wonderlike waarheid van hierdie goddelike verborgenheid! Die volheid van God woon in Christus, en Hy woon ook in ons – dit maak ons volkome in Hom en vol van Hom! Alles wat ons ooit nodig sal hê is in Hom te vinde. Ons kom niks kort nie want Christus in ons is ons gewaarborgde werklikheid van die heerlikheid van God!

Geliefdes, weereens wil ons so diep uit ons harte baie dankie sê vir elkeen van julle se liefde, gebede en donasies. Dankbaar dat ons saam met julle kan voortgaan om die Evangelie te verkondig.

Liefde

Meg Van Zyl en die Gebedspan



LOOKING UNTO JESUS

By Pastor David Gericke

As believers, in times of difficulty and stress, we are reminded of John 16:33 In this world you will have trouble. But take heart! I have overcome the world! When storms are brewing and ominous clouds surround us, this is a good verse to ponder on, “But take heart” which means “Be strong and courageous”.

The Hebrew word for strong is Chazaq, (khaw-zawk) it is an active word that requires us to act with determination. James 2: 17 Thus also faith by itself, if it does not have works, is dead. 18 But someone will say, “You have faith, and I have works”. Show me your faith without your works, and I will show you my faith by my works. This verse is not saying that we are saved by works but that if we are saved then works will follow naturally. Action speaks louder than words!

We read two stories of Jesus’ disciples in the Boat. First: Matt 8:23 we read that Jesus and the disciples are crossing over the Sea of Galilee when a storm arises and threatens to capsize the boat in which everyone aboard could drown, Jesus is asleep! The disciples who are seasoned sailors are overcome by fear. Let me make an obvious observation; fear cripples a person both physically and emotionally which robs us of strength and hope and even rational thinking! These men in desperation woke Jesus up and complained to him; fear shifts the blame! Jesus rebukes them for their lack of faith, He stills the storm and waves. The disciples are stunned! They exclaim V 27 … “who is this man? …even the wind and waves obey Him”!

The second encounter on the Sea of Galilee is found in Matt 14:28. Here Jesus sends the disciples out onto the water without Him. As they are sailing along, a strong wind blows in, the disciples are in trouble! I would like to think that they all started to pray. Jesus comes walking towards them on the water and they think He is a ghost, Peter calls out to Him and gets out to walk on the water, he takes his eyes off Jesus, looks at the waves and sea, immediately fear grips his heart and he starts to sink! Jesus lifts him up out of the water and onto the boat; the disciples are stunned! Jesus says to them V28 don’t be afraid… take courage I am here … they replied V32 You really are the Son of God! Jesus has gone from “who is this man” to “You really are the Son of God”!

In the mid-1970s my friends and I decided to try and surf a reef that extended out to sea for about 500 meters from the shore, it was called Tiffany’s. I had a surfboard that was made for big waves 7’5, as I was planning on going to Hawaii. I had only surfed the board in small waves and a few bigger ones but nothing to brag about! A number of us paddled out into an ocean of chaos, huge white water, a strong current and it seemed like every inch forward we made, we were washed back five feet. After what seemed like an hour, two of us made it out! The waves were much bigger than they had appeared from the shore. I was not happy as it looked like the whole ocean was moving against us! I caught two waves; one about 15 foot and the second one around 20 foot. My surfboard performed incredibly well, this is what it was designed to do! It was stable and fast and I had the right tool for the job but my mind set was way off! All I could see was impossibilities and fear was robbing me of the peace and confidence I needed to fully accomplish the task I set out to perform! I had the fitness, could hold my breath for well over two minutes and I had the right equipment but like Peter, I looked around and saw the waves and wind! This reminds me of what the Lord said to Joshua in Josh 1: 9 “ Have I not commanded you? Be strong and of good courage, do not be afraid, nor be dismayed, for the Lord your God is with you wherever you go”. It’s saying Joshua have I not spoken, told you, instructed you! In other words, I have given you My Word to obey, to follow, to encourage, to draw strength from! This is where our faith starts and ends- with God’s Word!

Many years ago my wife was counselling a woman who called herself a Christian but her lifestyle and behaviour were not Godly at all. As my wife was sharing God’s Word with her, she said to Dee “Oh you are just Word bound”. Shocked, my wife said, “and so we should be”... God declares that He exalts His Word above His name. If God’s Word is not our measuring stick we will be tossed to and fro by every wind of doctrine! “…Be strong and of good courage; do not be afraid,

nor be dismayed, for the Lord your God is with you wherever you go." So we have all the right equipment to fulfil the task and to face the situation or circumstances that we need to deal with, we need to trust the equipment (God's Word) and be guided by the Holy Spirit and not allow fear to rock the boat!

One of the most dominating battles of the mind is "shame"... Adam and Eve, once they had eaten the fruit**,** realized that they were naked! Gen 3:7 At that moment their eyes were opened, and they suddenly felt shame at their nakedness. So they sewed fig leaves together to cover themselves. Innocence was replaced by guilt and shame! This has travelled down the centuries and affected all of our lives in one way or another! We thank the Lord for His Word that says, 1 Jhn 1:9 But if we confess our sins to him, he is faithful and just to forgive us our sins and to cleanse us from all wickedness. This is a truth we need to hold onto, believe in our hearts and confess with our mouths. Heb 10:20 By his death, Jesus opened a new and life-giving way through the curtain into the Most Holy Place. 21 And since we have a great High Priest who rules over God's house, 22 let us go right into the presence of God with sincere hearts fully trusting him. For our **guilty consciences** have been sprinkled with Christ's blood to make us clean, and our bodies have been washed with pure water. Praise the Lord! He has done it for us! I want to encourage you today that even if someone else is responsible for the shame you are feeling, scripture encourages us to surrender it to God and glorify God as He heals and sets us free! Rom 8:1 So now there is no condemnation for those who belong to Christ Jesus. 2 And because you belong to him, the power of the life-giving Spirit has freed you from the power of sin that leads to death.

We are able to walk in God's Peace… Shalom, this peace is mental peace, spiritual peace and physical peace. Let's look at Christ on the cross:

Crown of thorns: Mental healing.

Lashing on His back and front: Physical healing.


Nails in His hands and feet: for our bondages.

The spear in His side: spiritual health, Blood and water flowed out (without **Blood** there is -no remission for sin Heb 9.22; **Water** washing of the Word Eph 5.26)

"To be strong" signifies endurance, to face every fear, every problem, every situation, every tribulation and every test head on! Take ownership, if you have fallen or stumbled… repent, lay it at God's feet and grow in Him! Heb 12:2 looking unto Jesus, the author and finisher of our faith, who for the joy that was set before Him endured the cross, despising the shame and has sat down at the right hand of the throne of God.

In Jesus' day faith was something you did, not just in your mind but in your daily life! This is why we are encouraged to put our faith into action. Whatever situation is before you today it will not change by chance, it has to change by choice!

Chazaq is a call to be strong and of good courage, do not be afraid, nor be dismayed, for the Lord your God is with you wherever you go.



THE FOLLOWING **AUDIO BOOKS** ARE NOW AVAILABLE ON OUR WEBSITE

(Click to view)

'n Suksesvolle Huwelik
Bybelse Antwoord oor Genesing
Besluite
Die Krag van Vergifnis
Die egte en die misleide Christelike Kerk
Die Naam van ons God
Goddelike Wysheid vir die Mens
Die Feestye van die Here
Ken Jou Vyand
Die Tweesnydende Swaard
God Eis 'n Heilige Lewe
Hoe belangrik is die Ou Testament
Getuienisse—Volume 1
Die Bybel en siektes
Geloof soos n Mosterdsaad
Paulus se doring in die vlees
Hoe moet ek Bid
Israel of Ishmael
Geloofsbrood vir die Somer
Hoe kan ek verlos word van vrees?
Die Vrou na God se Hart
Stap vir Stap
Slaankrag in Lofprysinge
Vanaf Eden tot by die Kruis
Vas en Gebed
Wat is die gevare oor Karate
Wat is die New Age
Wat Verwag God van die Huisgesin?

